

14 Mei

Kolossense 2:6-15 (2:6b)

Lewe in verbondenheid met Christus

As 'n mens Christus as jou Here aangeneem het, moet jy ook "in verbondenheid met Hom lewe", letterlik met Hom "wandel".

Die briefskrywer Paulus gebruik hier beeldspraak, naamlik om op 'n pad te loop. Hy vergelyk die suiwere leer van die Evangelie soos dit in die prediking aan die Kolossense oorgelewer is met 'n pad, 'n weg. Solank jy op dié pad bly en daarop wandel is jy buite gevaar van dwalinge. Dis dus ons daaglikse roeping en taak om op die regte pad te bly, om met Christus te wandel.

Hy, Christus, is die Weg. Wie in Hom bly, met Hom wandel, is vanself ook op die pad van die waarheid, die Woord, die Evangelie wat in die wêreld verkondig word.

As jy in verbondenheid met Hom leef, sal jy nie weggelok word na dwaalweë nie. Dan sal jy opreg wees in jou hele menswees; in jou gedagte-wêreld en jou optrede teenoor andere. Jou gedrag word dan bepaal deur Christus en sy Gees (Gal 5:24, 25). Jou hele lewe sal 'n preek vir die wêreld wees: Ek behoort aan Christus. Ek leef in verbondenheid met Hom.

Bly dus in Hom. Wandel in Hom. Hy is die enige Here. Hy is die enigste weg. Moenie jou eie pad bewandel nie.

Elke dag moet ons gebed wees: Leer my Here, u regte weë, wys die regte pad my aan. As ons elke dag in verbondenheid met Hom lewe, as ons elke dag met Hom wandel, sal ons gevrywaar wees van al die afdraai-paaie van die valse ideologieë van hierdie tyd.

Sing: Psalm 25:2,5

Ds. G.A. Hattingh (Johannesburg-Melville)